

17 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 13:1-7  
Fokusgedeelte: NGB, Art 36

### Die taak van die owerheid – straf die kwaaddoeners

Die wapen waarmee die polisiebeampte by die misdaadtoneel opdaag het 'n heeltetal ander effek op ons as die wapen wat die misdadiger so pas hanteer het. Dit is dieselfde soort wapen, dalk van dieselfde kaliber en kan dieselfde soort verwoesting aanrig, maar waar die wapen van die misdadiger angsts en vrees inboesem, bring die wapen van die polisiebeampte troos en veiligheid. Die wapen van die misdadiger is 'n instrument van die duivel, die wapen van die polisiebeampte is 'n instrument van God; dit is die “swaard van God” (OAV). Ook in die simbole van ons land se regstelsel vind ons hierdie swaard terug.

Hoe dankbaar kan ons vir daardie swaard wees! God, wat die owerheid daarstel, laat hulle nie tadeloos nie, Hy gee vir hulle 'n swaard, en die owerheid moet dit teen kwaaddoeners gebruik! Dit is jammer dat 'n baie kragtige uitdrukking wat in die grondteks van vers 4 voorkom in die 1983-vertaling omskryf is. Die owerheid is “'n WREKER”, staan daar, “om die een wat kwaad doen, te straf” (OAV). “Wreker” word net op een ander plek in die Nuwe Testament gebruik, en dan wel vir God (1 Tess 4:6). Die wraak van die owerheid en die wraak van God mag nooit teenoor mekaar staan nie. Die owerheid moet altyd só optree dat dit duidelik is: Die wraak van die owerheid is die wraak van God en die swaard van die owerheid is die swaard van God! Dit is nie maklik as jy moet uitstap, verby die kombes met 'n hopie mens wat die verkeerde pad gekies het nie. Maar as 'n dienaar van God in blou kleres jou vergesel is jy skielik so oneindig bewus van die skadu van God se genade. Bid vir die polisie!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*